



BOEDELBEPLANNING

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

Koes vir slaggate met spaarpolis

Kyk 'n slag krities na jou spaarpolis. Jy is dalk slegter af as wat jy dink.

KORTOM

- Pas op vir spaarpolis van meer as vyf jaar - jy betaal dan waarskynlik te veel makelaarskommissie.
- Jy verbeur jou jaarlikse rentevrstelling op 'n polis en betaal dus belasting op die volle rente-opbrengs.
- Slegs trusts of mense wat in die hoogste marginale koers val, behoort 'n polis te oorweeg.

Dis kan jou duur te staan kom as jy met 'n langtermyn-spaarpolis vir jou aftrede spaar. Nie net dok jy baie geld aan kommissie op nie, maar jy's ook die belastingvoordele kwyt.

Ek gesels nou die dag met 'n boer oor sy boedelbeplanning en merk daar 'n polisbelegging by 'n bekende versekeraar op. Sy makelaar het aan hom 'n polisbelegging verkoop waarop hy premies van R18 500 per maand betaal. Die termyn van die polis is 15 jaar.

Die doel van die belegging was

om te spaar vir sy aftrede, vertel hy my. Eerstens is dit die verkeerde produk. Maar dis nie die grootste probleem nie. My eintlike vraag is, hoekom 15 jaar?

NIE LANGER AS VYF JAAR

Kommissie vir die agent, wat anders? Hoe langer die termyn, hoe meer die kommissie. Jy kan tot 5% van jou premie opdok net aan kommissie. Die makelaar se kommissie word vooruit betaal. Op 'n polisspaarplan vir 15 jaar met hierdie premie is dit R55 639 plus nog R462 per maand vir die res van die termyn.

Om te voldoen aan die vereistes van die Wet op Langtermynversekering (Wet 52 van 1998) is vyf jaar genoeg. Het hy die polis oor vyf jaar geneem, sou hy "net" R24 131 dadelik aan kommissie afgestaan het, plus die maandelikse bedrag hierbo.

Hoekom is die vyf jaar belangrik? Om aan die vereistes van die wet te voldoen, moet 'n polis vir vyf jaar in stand gehou word. Dan kom jy onder meer in aanmerking vir 'n belastingkoers van 30% op rente- en huurinkomste in die polis. Dis die

groot "voordeel" wat voorgehou word. Individue se maksimum marginale koers is 40%.

Nou, wie ook al vyf jaar en langer net in rente en huurinkomste gaan belê, moet sy kop laat lees. Boonop verbeur jy jou jaarlikse rentevrstelling as dit in 'n polis is en betaal jy die 30% op die volle rente-opbrengs. Die belasting word uit jou beleggingsopbrengs betaal. Net soos wat die vooruitbetaalde kommissie uit jou premies kom.

KOMMISSIE HAAL JOU IN

Met 'n polisbelegging moet jy 'n kontrak onderteken. En soos alle kontrakte, as jy jou geld vroeër wil hê, gaan jy moet opdok. Jy word gepenaliseer, maar dit is die minste. Al daardie kommissie sowel as die administrasiekoste word, soos genoem, vooruit oor die termyn van die polis bereken en aan die begin as 'n skuld teen jou belegging aangeteken.

Onttrek jy jou geld vroeër, kom jy met 'n skok agter wat

As jy jou geld vroeër wil hê, gaan jy moet opdok.

dit beteken. Die boer hierbo het sedert 2012 al R389 130 aan premies inbetaal. Die fondswaarde is R412 074. Maar neem hy sy geld nou sal hy net R358 784 uitkry. Altesame R30 346 minder as wat hy gespaar het! En die makelaar het R55 639 in sy eie sak gestee, plus dan die verdere bedrag per maand.

TRUSTS KAN DIT OORWEEG

Hoekom dan hoegenaamd in 'n polis belê? Vir trusts kan dit werk met 'n 30% belastingkoers teenoor 'n individu se 40% as jy werklik in die hoogste marginale koers val.

Maar moet dan liever nie vooruitbetaalde kommissie kies nie. Of lang termyne nie. **LBW**

Nico van Gijzen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonden nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.